

Om die wêreld in 80 LANDE

Jan land by
Sossusvlei in
Namibië.



Jay en Jan Roode

Met haar roomkleurige oopknoophemp en los bruin krulhare lyk Jay Roode soos 'n aktrise uit *Out of Africa*. Haar man, Jan, se ontspanne luim getuig van die vakansie waarvan hulle pas teruggekeer het – drie weke tussen die ysberge van Patagonië in Chili.

Vir die gewone sterfling is dit dalk 'n droom, maar vir dié twee fotograwe en entrepreneurs is dit net 'n klein hoofstuk van 'n baie lang reisverhaal. Hul lewe, soos hulle die storie vertel by 'n koffiewinkel in Linden, Johannesburg, klink soos een groot avontuur.

Tussen die twee het hulle al ongeveer

80 lande besoek. Australië is die enigste kontinent wat hulle nog nie van hul lysie kan aftik nie. “Dis omdat Jan 'n rugbyliefhebber is!” spot Jay. “Hy wil hulle nie ondersteun nie.”

Eintlik, sê Jan, is dit net omdat hulle gehoor het Australië is baie soos Suid-Afrika. “Ons verkies die ongewone – hoe vreemder, hoe beter.”


Dié dat hulle in hul eie klein vliegtuig rondrits en meestal afgeleë dele van Afrika-lande besoek. Die duine van Namibië, die kuslyn van Mosambiek, die digte bos van Botswana. En hulle neem foto's van alles, uit die lug én op die grond,

onder die vaandel van hul fotografie-besigheid Skyhawk Photography.

“Daar is min lugfotograwe in die wêreld en ons is beslis bevoorreg om dié werk te kan doen,” sê Jay. “Ons het gate uit die kante van die vliegtuig gesny en vensters ingesit. Dan vlieg Jan en ek neem foto's uit die hoogtes – enigiets vanaf 500 voet [152,4 m] tot 500 m, of selfs hoër. Ek het al soms gehuil oor die mooi dinge wat ek dan voor my sien. Skole walvisse, troppe duin-olifante, duisende bokke wat migreer. Dit voel soms of my hart uit my borskas wil spring, want hoeveel mense kan so iets ooit sien?”

Van Antarktika tot Zambië, noem maar 'n land, en die fotograaf- en entrepreneurpaar **Jan en Jay Roode** was waarskynlik al daar

DEUR DELIA DU TOIT
FOTO'S JAY ROODE
www.skyhawkphotography.com



'n Enkele olifant vind teen skemer sy weg na die oorkantste oewer in die Okavango-delta.


Botswana



Plaaslike vissers gebruik 'n mokoro en pale om hul weg deur die watergras van die Okavango-delta in Botswana te baan.

Die foto's wat hulle grondlangs neem, het al in tydskrifte soos *National Geographic* verskyn, en die nuuskanale CNN en BBC het al hul fotogalerye op hul webwerwe gepubliseer. “Dis wonderlik om erkenning te kry, iets wat ons veral in die begin baie opgewonde gemaak het. Maar ons doen dit beslis nie vir die geld nie, maar vir die liefde en passie wat ons veral vir Afrika het,” sê Jay. Hul eintlike doel is om te help met natuurbewaring.

Jay het natuurbewaring by die destydse Pretoriase Technikon (vandag die Tshwane Universiteit van Tegnologie) gestudeer. “Maar ek het >



Die Nxai-pan, deel van die groter Makgadikgadi-panne in Botswana, ná die reënseisoen.


< nooit in die veld gewerk nie, omdat ek Jan ontmoet het en nie toe meer 'n wildbewaarder op 'n verafgeleë plaas wou wees nie. Dis nog altyd iets wat my na aan die hart lê, daarom gee ons 'n persentasie van al die poskaarte en foto-afdrukke wat ons verkoop aan bewaringsorganisasies soos die Trust vir Bedreigde Spesies (EWT) se doegong-noodbewaringsprojek.”

Die dag toe hulle 'n doegong ('n soort see-soogdier) uit die lug gesien het naby Bazaruto-eiland aan die Mosambiekse kus, het hulle geweet dis dit – hulle móét hierdie werk vir 'n lewe doen. “Dit


was op een van ons eerste vlugte nadat ons die vliegtuig ses jaar gelede gekry het. Daar is minder as 250 doegongs oor, so ons was bitter gelukkig om een te sien. Ons was verlief op hierdie nuwe stokperdjie – ons families het ons seker drie jaar lank nie gesien nie, want ons was aanhoudend weg!” vertel Jan.

Om dié passie te finansier bedryf hulle verskeie ander besighede. Hulle het in die laaste twee jaar twaalf takke van hul teewinkel, Happy.Me, in Suid-Afrika en Namibië oopgemaak. En hulle is ook mede-eienaars van die gewilde mark en kuierplek The Sheds@1Fox in die Johannesburgse middestad. “Ons wou nog altyd 'n teewinkel begin. Soos ons gereis het, het ons verslaaf geraak aan tee. Elke land het 'n ander weergawe en ons het al ongelooflike geure geproe. Voor ons Happy.Me oopgemaak het, was ons ses maande in Taipei en Kaohsioeng-stad, Taiwan, om daar by teemeesters te studeer en gehalte-tee te soek om in te voer. Ons verkoop net die beste koffie, tee, vars sap en *smoothies*,” sê Jay.

The Sheds@1Fox is nou maar 'n bietjie meer as 'n jaar oud en is reeds 'n bekende naweekbestemming onder Johannesburgers, sê Jan. “Ons leer nog. Gelukkig het ons twee uitstekende vennote, Gareth Wilson [van die



Die plaaslike vissersgemeenskap suid van Nova Mambone lag breed oor al die vis in hul net.




'n Eensame dhow lyk soos 'n spikkeltjie in die Bazaruto-droomlandskap van eindelose blou.

Mosambiek



Flaminke op die Sao Sebastiao-strandmeer, suid van Vilankulo.



Vier snorkelduikers swem saam met 'n jong walvishaai suid van Vilankulo. Reuse-mantas, seeskilpaaie, hamerkop- en walvishaai is 'n algemene gesig aan die Mosambiekse kuslyn.

rockgroep Southern Gypsy Queen] en Nicol van den Berg [een van die musiekfees Oppikoppi se bestuurders]. Ek dink dit gaan nog baie groei, want die meeste ondernemings vat drie jaar om behoorlik op hul voete te kom.”

Hy weet waarvan hy praat. Toe Jan en Jay een van hul vorige ondernemings, 'n eiendomsontwikkelingsmaatskappy, ná agt jaar verkoop het om Skyhawk te begin, was dit so suksesvol dat dit deel was van 'n maatskappy wat op die Johannesburgse aandelebeurs genoteer is. “Ons is eintlik reeks-entrepreneurs. Ek het rekeningkunde by die destydse RAU [vandag die Universiteit van Johannesburg] studeer, maar tydens my klerkskap het ek besef ek geniet dit nie om vir iemand anders te werk nie. Toe begin ek 'n tegnologie-maatskappy wat later verkoop is. Sommige ondernemings was groot suksesse en ander groot mislukkings, maar so leer jy!”

Een van die “mislukkings” waarna hy verwys, is 'n galery wat hulle by Marlin

Lodge op Bazaruto-eiland aan die kus van Mosambiek bedryf het. Dit het in 2014 afgebrand. “Dit was 'n vreeslike verlies, want ons het ons eie foto's daar verkoop en die versekering was ook 'n groot gesukkel,” sê Jay.

Maar meestal is die geluksgode aan hul kant tydens hul fotografie-avonture. “Daar was al 'n paar noue ontkomings, maar niks ernstigs nie,” sê Jan. “Die ergste was seker by die Skedelkus in Namibië. In daardie gebied word die lug baie skielik warm en bedompig en dis gevaarlik vir enige lugtuig. Ons vliegtuig het begin ruk en skud en dit was regtig angswekkend. Maar ek het die noodstappe gevolg en ons het eindelijk gestabiliseer en daar uitgeklim. Nou weet jy hoekom die plek so 'n naam het!

“En daar was die keer toe ons geland het op 'n klein vliegveld op Ibo-eiland naby Mosambiek, waar 'n reuse-hobbel in die middel van die baan ons byna weer laat opstyg het. Jay het gesê dit


was die beste drie landings wat ek al gedoen het,” lag hy.

Jay skud haar kop. “Jan is te nederig. Hy is 'n uitstekende vlieënier en ek voel altyd veilig.

“Ons is nie waaghalse nie. Ons vlieg vroeg soggens wanneer die lugstrome gunstig is, net in goeie weer en ons het altyd drie dae se noodvoorraad en ekstra brandstof by ons. Ons vlieg ook nie langer as so vier uur op 'n slag nie en is altyd op die uitkyk vir 'n plek om te land as iets sou verkeerd gaan.

“Dan moet ek erken, bang is ons nie! Skaars 'n maand nadat Jan sy vlieglicensie gekry het, het ons George toe gevlieg. Ander vlieëniers kon dit nie glo nie – die meeste verlaat vir jare nie die vliegveld waar hulle geleer het nie.”

Dis eerder op die grond, of minstens naby daaraan, dat hulle die meeste opdraande het. Springbokke wat oor aanloopbane hardloop nes hulle wil land, sebras wat aan vliegtuigskroewe kou, en mense in afgeleë gebiede wat >



Vissermanne noord van Zalala in die noorde van Mosambiek maak gereed om uit te gaan vir die dag se vangse.

Namibië



< om hulle saamdrom omdat hulle nog nooit 'n vliegtuig gesien het nie, vertel Jay.

In al die jare wat hulle al reis en vlieg, was mense hulle nog net goedgesind. "Dit gee jou eintlik hoop in die mensdom. Wanneer ons in afgeleë plekke land, moet ons ryloop tot by die naaste blyplek. Ons het al saamrygeleenthede gekry in motors wat byna uitmekaarval en selfs op donkiekarre, maar dit het nog nooit gebeur dat niemand ons help nie. Die meeste mense gaan uit hul pad en bied kos en blyplek aan."

Hulle het veral mense se goedheid ervaar toe hulle die eerste keer Mosambiek toe gevlieg het, vertel Jan. "Ons het 'n ses weke lange reis beplan en wou al die pad Tanzanië toe gaan. Maar toe ons halfpad Vilankulo [in die suide van Mosambiek] toe is, het Maputo se lugverkeerbepaling laat weet daar is geen Afgas, die brandstof wat ons vliegtuig gebruik, in Mosambiek nie. Ons het net besluit ons móét hierdie reis klaarmaak. Toe ons land, het ons vir almal en enigiemand gevra en soms gesmeek vir 'n bietjie Afgas, en uiteindelik het ons darem genoeg gehad om foto's langs die kuslyn te neem en terug te kom Suid-Afrika toe. Dit was nogal 'n trotse oomblik vir ons om nie toe te laat dat 'n haakplek ons keer nie en die kans te waag. Niks is ooit perfek nie, en jy leer só om plan te maak en 'n bietjie jou medemens te vertrou."

Hul reise het hulle meer oopkop gemaak, stem Jay saam. "Hoe meer jy

BO Die oorblyfsels van 'n Deccaradarstelsel vir die navigasie van skepe en vliegtuie by Swakopmund. Ondergrondse kables is die rede vir die sterpatroon.

reis, hoe meer sien jy mense is maar net mense, ongeag hoe of waar hulle woon. Jy word minder veroordelend. Om te reis is die beste geskenk wat enigiemand hom- of haarself kan gee."

Die paspoortstempel waarop hulle die trotsste is? "Dis baie moeilik, maar ek dink Antarktika was 'n groot hoogtepunt," sê sy. "Ons het 'n paar jaar gelede vir twee weke, oor Kerstyd, op 'n Russiese ysbreker om Antarktika gevaar. Die grootsheid en skoonheid was oorweldigend. Tussendeur het ons op gletsers geloop, duisende pikkewyne gesien en daar het selfs vyf moordwalvisse om ons bootjie geswem toe ons een keer inroei na die vasteland."

Selfs dié twee ervare reisigers het nog 'n lys van baie lande wat hulle graag wil sien. Volgende wil hulle Malawi toe om lugfoto's te neem, en later ook die

BO 'n Eensame gemsbok met skemer aan die rand van 'n misterieuse feëring in die Namibrand-natuurreservaat.



Die wrak van die Eduard Bolean, 'n ou Portugese stoomskip wat in 1908 aan die Sperrgebiet-kuslyn van Namibië gestrand het. Die skaduwee gee 'n beter idee van hoe die skip gelyk het as die wrak self.

Himalaja verken.

Maar eers lê Florida in Amerika voor, waar hulle later vanjaar 'n uitstalling van hul foto's het. Die ander groot plan vir 2016 is om 'n boek klaar te maak, wat hopelik teen die einde van die jaar deur hul private uitgewer gepubliseer sal word. "Daar is nog min van my lugfoto's gepubliseer, want ek hou die meeste daarvan vir die boek," sê Jay. "Ons het oor die laaste paar jaar baie moeite gedoen om die beste aantreklikhede te soek in al die Afrika-lande waarheen ons gereis het. Ek gaan daarvoor skryf, natuurlik met foto's van alles. Ek dink mense sal nogal verbaas wees om te sien hoeveel wonderlike dinge hulle inwag op Suid-Afrika se voorstoep. My groot wens is dat dit mense sal inspireer om te reis en die dinge te sien wat ons al kon sien. Dis lewensveranderend!"